# HOOFSTUK 7

## EMPIRIESE RESULTATE

### 7.1 INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing was drieledig, naamlik om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel, te implementeer en die impak daarvan te meet. Volwasse persone wat hulself as voornemende pleegouers by die Ondersteuningsraad van Pretoria, Gauteng, wou beskikbaar stel, het die program deurloop. In hierdie hoofstuk word die resultate van die voor- en natoets as empiriese data bespreek. Hierdie stap kom ooreen met die vyfde fase van Rothman en Thomas (1994:9-30) se model vir intervensienavorsing, naamlik die toepassing en evaluering van die program.

Hierdie hoofstuk word soos volg aangebied:

- 'n kort beskrywing van die navorsingsproses;
- 'n kort bespreking van die opleidingsessies en die evaluering daarvan;
- 'n bespreking van die kwantitatiewe data van die voortoets (basislyntoets) en natoets; en
- 'n kort bespreking ten opsigte van inligting soos verkry uit die opvolgonderhoude wat 'n maand na afloop van die opleidingsprogram, gevoer is.

### 7.2 OORSIG VAN DIE NAVORSINGSPROSES

Die navorsingsproses wat in hierdie studie gevolg is, bestaan uit bepaalde fases en stappe, naamlik: probleemformulering, doelwitformulering, formulering van 'n navorsingsvraag en 'n hipotese, asook die keuse van 'n navorsingstipe, navorsingsontwerp en -strategie. Hierdie aspekte word vervolgens kortliks bespreek.

#### 7.2.1 Navorsingsprobleem

Die navorsingsprobleem wat tot hierdie studie aanleiding gegee het, is dat welsynsorganisasies in Suid-Afrika nie oor 'n resente nagevorste opleidingsprogram vir

voornemende pleegouers beskik nie. So 'n program moet ontwikkel word. Met die oog op koste- en tydbesparing, blyk dit dat die aanbieding van só 'n opleidingsprogram in groepe, waarskynlik die beste opsie is om voornemende pleegouers tans in Suid-Afrika op te lei.

Vir die doeleindes van hierdie studie is van beskrywende navorsing gebruik gemaak, aangesien die inhoud van die program wat ontwikkel is en die evaluering, beskryf word.

### 7.2.2 Doelstelling en doelwitte van die studie

***Die doelstelling van die studie was om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel en empiries te toets.***

Die doelwitte van die navorsing behels die volgende:

- om 'n kennisraamwerk op te bou ten opsigte van die sisteemteorie, pleegsorg as substituutsorg, die implikasies van pleegsorg op alle betrokke partye, die huidige pleegsorgbeleid binne die huidige maatskaplike welsynsbeleid en die inhoud van bestaande opleidingsprogramme vir voornemende pleegouers;
    - die literatuurstudie is voltooi en in hoofstuk twee tot vyf aangebied
- om 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel en te beskryf in hoofstuk ses;
- om hierdie program te implementeer;
- om die benuttingswaarde van die program te evalueer (in hierdie hoofstuk); en
- om aanbevelings ten opsigte van die implementering van die program binne die Ondersteuningsraad van Pretoria te maak (in hoofstuk agt).

### 7.2.3 Hipoteseformulering

In die lig van die doel van hierdie studie, is die volgende hipotese geformuleer:

***Indien voornemende pleegouers hierdie opleidingsprogram deurloop het, sal die voornemende pleegouers se kennis rakende die omvang, wetlike implikasies, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte ten opsigte van pleegsorg, en die profiel van die pleegkind, verbeter.***

### 7.2.4 Navorsingsmetodologie

Vir die doel van hierdie studie is van toegepaste kwantitatiewe intervensienavorsing gebruik gemaak. Gevolglik is Rothman en Thomas (1994:9-30) se model vir intervensienavorsing benut om die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers te ontwikkel, te implementeer en te evalueer, soos in 1.8.1 tot 1.8.6 bespreek is.

Tydens hierdie navorsing is van die enkelstelselontwerp A-B-A (Strydom, 2005a:150), gebruik gemaak. Die 53 voornemende pleegouers se behoeftes en kennis rakende pleegsorg en die hantering van die pleegkind, is tydens die voortoets (A) geëvalueer, waarna 'n opleidingsprogram (intervensie) saamgestel is om in hierdie behoeftes te voorsien. Die opleidingsprogram (B) is daarna geïmplementeer, waarna die impak van die program weer tydens die natoets (A) geëvalueer is.

- ***Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning***

As maatskaplike werker in die praktyk, het die navorser 'n gebrek aan 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers geïdentifiseer. Uit gesprekke met kundiges, maatskaplike werkers en die bestuur van die Ondersteuningsraad en ander welsynsorganisasies, asook die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, is bevind dat daar wel 'n behoefte aan 'n resente, nagevorste opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bestaan (1.1 en 1.8.2). Die Ondersteuningsraad van Pretoria het hul samewerking in die uitvoer van die studie verleen.

'n Navorsingsprojek is begin, 'n voorlegging is goedgekeur deur die Universiteit van Pretoria se Navorsingvoorleggings- en Etiekkomittee (Bylae 6).

Alle egpare en persone wat hulself beskikbaar gestel het om as pleegouers vir die Ondersteuningsraad van Pretoria, op te tree en wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die organisasie aangemeld het, is as die navorsingspopulasie beskou. 'n Totaal van 53 persone wat ingeligte toestemming verleen het, is by die studie betrek. Die samewerking van die respondente is vergemaklik deurdat die navorser, weens die statutêre implikasies van pleegsorg, outomatiese toegang tot en samewerking met voornemende pleegouers verkry het. (Voornemende pleegouers is onder 'n statutêre verpligting om met die betrokke welsynsorganisasie saam te werk.)

Daar is van die behoeftes en probleme van pleegkinders en -ouers tydens vorige navorsing (Fourie, 1999:133-135) kennis geneem. Vyf jaar diens in die spesialiteitspos het die navorser bewus gemaak van behoeftes en probleme wat pleegouers mag ondervind. Die voornemende pleegouers se aansoeke (Bylae 1) is op individuele vlak geëvalueer, saam met hul gesinsopset, maatskaplike en behuisingsomstandighede en behoefte aan bepaalde inligting.

Die doelstelling en doelwitte van die navorsing, is geformuleer.

- ***Fase 2: Data-insameling en ontwikkeling van 'n sintese***

Inligting is ingesamel deur middel van vorige navorsing, 'n literatuurstudie, raadpleging van kundiges en gesprekke met maatskaplike werkers by die Ondersteuningsraad, Christelike Maatskaplike Raad, Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, die Kinder- en Gesinsorgvereniging van Suid-Afrika, asook die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Voorbeelde uit die maatskaplikewerk-praktyk, bestaande pleeggesinne en die literatuur is bestudeer.

Pogings is aangewend om bestaande opleidingsprogramme van ander welsynsorganisasies, asook die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te bekom, maar daar is bevind dat geen eenvormige, resente, nagevorste, opleidingsprogram vir voornemende pleegouers bestaan nie. Slegs die verskillende beleid en prosedures oor pleegsorg kon bekom word, en is bestudeer.

- ***Fase 3: Ontwerp***

Tydens die enkelstelselontwerp, is data op kwantitatiewe wyse ingesamel. Inligting is ook verkry deur 'n aanmeldingsonderhoud te voer met alle nuwe aansoekers vir pleegsorg. Die effektiwiteit van die program is met behulp van 'n selfontwerpte vraelys geëvalueer.

Die beplanning van die intervensieprogram is gebaseer op die literatuurstudie, sowel as op inligting wat verkry is van ander welsynsorganisasies en kundiges. 'n Duidelike uiteensetting van prosedures en tegnieke wat tydens die intervensieprogram benut is, is saamgestel, beskryf en in detail weergegee (soos bespreek in hoofstuk ses).

Drie opleidingsessies in groepsverband is aangebied vir drie groepe onderskeidelik, waar temas tydens die opleidingsessies bespreek is. Inligting is tydens hierdie sessies deurgegee, asook uitdeelstukke. Voldoende tyd vir vrae en probleemhantering is ook tydens die bespreking van die onderskeie temas gegee. ‘n Hulpbronlys van terapeute en sielkundiges is na afloop van die sessies aan die respondente gegee.

- ***Fase 4: Vroeë ontwikkeling en vooronderskoek***

‘n Voorlopige intervensieprogram is ontwikkel en skriftelik uiteengesit op grond van inligting ingesamel gedurende die vorige fases van die navorsing. Ander welsynsorganisasies is ook genader om die inhoud van die program saam te stel. ‘n Selfontwerpte vraelys (Bylae 2) is uit die literatuurstudie ontwikkel. Tydens die drie sessies, is ‘n blaaibord en inligtingstukke as hulpmiddels gebruik. Elke sessie het soos volg verloop: stel van doelstelling en doelwitte, verloop, hantering van vrae, probleembespreking, samevatting en evaluering.

Die selfontwerpte vraelys (Bylae 2) en die program is gevoortoets deur dit aan drie respondente, wat nie in die hoofondersoek betrek is nie, te gee om te voltooi. Hierdie drie respondente is nie by die hoofondersoek betrek nie, aangesien hulle hulle later, gedurende die onderskeie kinderhofondersoekprosesse ten opsigte van die kinders wat hulle by hulle in pleegsorg wou neem, as pleegouers onttrek het. Die program is ook met hierdie selfde drie respondente gevoortoets. Oop vrae is verander na geslote vrae, sodat inligting statisties makliker en meer akkuraat bereken kon word. Dit was nie nodig om enige ander veranderinge aan die vraelys aan te bring nie. Die vrae moes baie eenvoudig opgestel word, om al die intellektuele funksioneringsvlakke van die respondente te kon akkommodeer. Weens die feit dat van die respondente oor baie lae intellektuele vermoëns beskik het, moes die navorser die vraelyste namens sommige van hierdie respondente voltooi. Dit was dus noodsaaklik dat die navorser tydens hierdie situasie, objektief moes bly.

Tydens die vooronderskoek, het die volgende aspekte aandag geniet: Daar is bepaal of die intervensie herhaalbaar, effektief, prakties uitvoerbaar en aanpasbaar is. Daar is geëvalueer of die inligting wat tydens die sessies deurgegee is, die doel bereik waarvoor dit ingesluit is. Die geldigheid van die opleidingsprogram is dus geëvalueer. Die program is gereedgemaak en die nodige veranderinge is aangebring vir die hoofondersoek.

- ***Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling***

Die program en die vraelys is presies dieselfde by die verskillende groepe aangebied, om veranderlikes uit te skakel.

Vir hierdie fase is respondente by die Ondersteuningsraad van Pretoria geselekteer. Die bepaalde organisasie is geselekteer op grond van die volgende:

- die Ondersteuningsraad is die welsynsorganisasie waar die navorser werksaam is en wat die navorsing versoek het;
- die opleiding van voornemende pleegouers is deel van die navorser se taak en posomskrywing binne die organisasie;
- goeie samewerking bestaan tussen die navorser en die betrokke organisasie;
- dit is koste- en tydeffektief;
- toestemming is verleen om navorsing by die kantoor van die organisasie te doen; en
- kollegas verwys alle nuwe aansoeke vir pleegsorg na die navorser – respondente was dus beskikbaar.

Kriteria vir die selektering van respondente: Alle voornemende pleegouers (pare en individue) wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die organisasie aangemeld het, is by die navorsing betrek. Die respondente was ouer as 20 jaar, met geen beperking op die ouderdom, ras, geslag, geloof, sosio-ekonomiese agtergrond, huwelikstatus en intellektuele vermoëns nie.

‘n Selfontwerpte vraelys (A) wat met behulp van die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria ontwikkel is, is as meetinstrument tydens die voor- en natoets, gebruik. Hierdie selfontwerpte vraelys is eenvoudig gehou, aangesien ‘n groot aantal respondente oor beperkte intellektuele vermoëns beskik het. Hierdie vraelys is tydens die eerste aanmeldingsonderhoud, individueel deur respondente voltooi en weer na afloop van die laaste opleidingsessie, om die impak van die opleidingsprogram te meet. Statistiese gegewens is verwerk deur ‘n statistikus. Die inligting wat verkry is uit die onderhoude met die respondente ongeveer ‘n maand na afloop van die opleidingsessies, is aangeteken.

Die nodige veranderinge aan die program is aangebring nadat die evaluering van die program voltooi is. Aanbevelings is daarna gemaak, soos in hoofstuk agt uiteengesit.

Vervolgens word die kwantitatiewe resultate van hierdie navorsing bespreek.

## 7.3 KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING

Tydens fase vier, is die intervensieprogram toegepas en die invloed van die onafhanklike veranderlike (die opleidingsprogram) op die veranderlike afhanklikes (kennis van voornemende pleegouers) toegepas. Tydens fase vyf, volgens Rothman en Thomas se model vir intervensienavorsing (1994:9-30), is die invloed van die opleidingsprogram bepaal deur die kwantitatiewe data wat uit vraelyste verkry is, te analiseer.

Die geïdentifiseerde populasie vir die kwantitatiewe studie was al die persone wat tydens die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die Ondersteuningsraad van Pretoria as voornemende pleegouers aangemeld het, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, intellektuele vermoë, geslag, ras, geloof en kultuur. Al hierdie persone was ouer as 20 jaar, met geen limiet op hul ouderdom nie. Altesaam 53 respondente is by hierdie studie betrek. Al 53 respondente het ingestem om deel uit te maak van hierdie navorsingstudie en het die ingeligte toestemmingsvorm onderteken. Al die respondente was teenwoordig tydens elkeen van die opleidingsessies.

Daar is met al die respondente individuele aanmeldingsonderhoude gevoer, om behoeftes te bepaal en om die proses van hierdie studie aan hulle te verduidelik. Data is ingesamel met met behulp van ‘n selfontwerpte vraelys (Bylae 2). Die respondente het elkeen individueel ‘n vraelys voltooi, met die doel om hul huidige kennis van pleegsorg en die wetlike implikasies daarvan ten tye van die aanmelding (voor die intervensieprogram), te bepaal. Tydens hierdie onderhoude, is aansoekvorms (Bylae 1) aan die respondente gegee om te voltooi. Tydens ‘n opvolg tuisbesoek is die vraelys en aansoekvorm met die respondente deurgewerk, om volledige inligting te verkry van die gesin se maatskaplike funksionering. (Vergelyk hoofstuk ses.)

Die respondente is in drie groepe ingedeel wat elk drie opleidingsessies deurloop het. Hierdie sessies het elk ten minste drie ure geduur. Daar is sover moontlik gepoog om respondente met dieselfde intellektuele funksionering bymekaar te plaas, maar dit was nie in alle gevalle moontlik nie. Na afloop van die derde en laaste opleidingsessie, het respondente dieselfde selfontwerpte vraelyste (Bylae 2) voltooi, waar hierdie data met die

data van die voortoets vergelyk is, om die impak van die intervensie te bepaal. Altesaam 106 vraelyste se data is vir hierdie studie verwerk. Verdere opvolgonderhoude is ongeveer een maand na afloop van die onderskeie opleidingsessies met die respondente gevoer, om verdere inligting te verkry. Die onderwerpe op die vraelys is bespreek, maar dit was nie moontlik om die vraelys weer te voltooi nie. Die rede hiervoor was dat die respondente meestal beaam het wat gevra is en baie ongeletterd was.

Die opleidingsessies het met die nodige toestemming van die Ondersteuningsraad se bestuur, by die kantoor van die organisasie plaasgevind. Twee groepe se sessies het na-ure plaasgevind en een groep se sessies gedurende kantoorure. Dieselfde program is presies op dieselfde wyse by al drie groepe aangebied, sodat veranderlikes uitgeskakel kon word. Probleme is wel ondervind waar van die respondente probleme met vervoer ervaar het. Hierdie probleem is egter grootliks oorkom deurdat saamrygeleenthede gereël kon word.

Die impak van die program is ten opsigte van elke respondent individueel gemeet, met ander woorde elke individu se vraelys (voortoets) is met sy eie vraelys (natoets) vergelyk.

### 7.3.1 Vertrouenswaardigheid van die kwantitatiewe data

Ten einde betroubare en geldige data in kwantitatiewe navorsing te verseker, is dit nodig om selfs voor die studie, te verseker dat die meetprosedure en meetinstrument betroubaar is en geldige data-insameling sal genereer (Delport, 2002:166).

#### 7.3.1.1 Betroubaarheid

Volgens Delport (2002:162), behels betroubaarheid: “The reliability of a measurement procedure is the stability or consistency of the measurement.” Betroubaarheid verwys dus na die ooreenstemming van resultate wat verkry word deur meer as een toepassing van die meetinstrument onder soortgelyke omstandighede. Betroubaarheid het dus nie te doen met wat gemeet word nie, maar hoe goed dit gemeet word (Delport, 2002:168). Vanweë die menslike faktor, sal ‘n situasie egter nooit presies dieselfde wees nie, en kleiner verskille mag teenwoordig wees (Grinnell & Williams, 1990:101). In elke studie moet egter gestreef word na die hoogste moontlike mate van betroubaarheid (Strydom, 2003:215).

In hierdie studie is 'n selfopgestelde vraelys as meetinstrument benut. Betroubaarheid is verseker deur die doel van die meetinstrument en die proses aan die respondente te verduidelik voor dit toegepas is. Die noodsaaklikheid van eerlikheid is beklemtoon.

#### 7.3.1.2 Geldigheid

Babbie (2004:143) meen geldigheid is: "… the extent to which an empirical measure, accurately reflects the concept it is intended to measure." Geldigheid word dus beskryf as die mate waartoe enige meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet (Strydom, 2003:216). Delport (2002:167) verwys onder geldigheid na inhoudsgeldigheid, gesigsgeldigheid en konstrukgeldigheid. Die toepassing van hierdie geldigheidsaspekte word kortliks weergegee:

- ***Inhoudsgeldigheid***

Inhoudsgeldigheid verwys na die verteenwoordigendheid van die inhoud van die meetinstrument (Delport, 2002:167). 'n Totaal van tien aspekte van pleegsorg met al sy implikasies is gemeet, en dit is 'n samevatting van al die inligting wat tydens die opleidingsbyeenkomste deurgegee is. Die vraelys moes beperk (verkort) word, sodat respondente wat oor laer intellektuele vermoëns beskik, ook gemaklik geakkommodeer kon word. Die navorser is van mening dat dit spesifieke aspekte van die kennis van resondente ten opsigte van pleegsorg meet.

- ***Gesigsgeldigheid***

Gesigsgeldigheid verwys na wat die meetinstrument op die oog af meet. Om dus betroubare inligting te verkry, is dit nodig dat die respondente die korrekte inligting verskaf omdat hulle tevrede is dat die meetinstrument meet wat hulle glo dit meet (Delport, 2002:167). In hierdie studie was dit duidelik dat die selfopgestelde vraelys wat tydens hierdie studie benut is, die respondente se kennis meet van die omvang en wetlike implikasies van pleegsorg, verwagtinge, motiewe, verantwoordelikhede en pligte van pleegouers, asook die profiel van die pleegkind (hipotese).

- ***Konstrukgeldigheid***

Konstrukgeldigheid verwys na die mate waarin die meetinstrument daarin slaag om die teoretiese konstruk te meet. Aangesien die gedragswetenskappe meestal abstrakte begrippe meet, is dit baie ingewikkeld om te konstrueer en te omskryf. Konstrukgeldigheid verwys dus na die betekenis van die meetinstrument, naamlik wat dit meet en hoe en waarom dit saamgestel is soos dit wel is (Delport, 2002:168).

Die vraelys wat as meetinstrument tydens hierdie studie benut is, is in samewerking met die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria saamgestel. Die vraelys is gevoortoets deur drie respondente wat nie by die hoofondersoek betrek is nie. Oop vrae is na geslote vrae verander om die verwerking van data te vergemaklik. Vrae is ook eenvoudig gehou, om dit vir al die respondente verstaanbaar te maak.

- ***Opleidingsgeleenthede***

Drie opleidingsessies is met drie verskillende groepe aangebied. Die datums waarop genoemde sessies plaasgevind het, word in tabel 7.1 weergegee.

**TABEL 7.1: DATUMS VAN OPLEIDINGSESSIES**

| | **AANTAL LEDE** | **DATUMS VAN GROEPSESSIES** | | |
|---|---|---|---|---|
| Groep 1: Na-ure | 20 | 14/03/2006 | 15/03/2006 | 16/03/2006 |
| Groep 2: Kantoorure | 15 | 24/04/2006 | 25/04/2006 | 26/04/2006 |
| Groep 3 : Na-ure | 18 | 28/06/2006 | 29/06/2006 | 30/06/2006 |

Soos in bostaande tabel 7.1 uiteengesit, het die navorser altesaam nege opleidingsessies gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die Ondersteuningsraad van Pretoria aangebied. Weens die feit dat alle voornemende pleegouers se keuring en opleiding 'n statutêre proses is, is opleiding as deel van die keuringsproses, verpligtend. Gevolglik is al die sessies deur al die respondente wat aangemeld het, bygewoon.

## 7.4 SOSIO-DEMOGRAFIESE KENMERKE VAN DIE RESPONDENTE

Die demografiese besonderhede van die respondente omvat hul geslagsverspreiding, kultuurgroep, ouderdomsverspreiding, huwelikstatus, inligting oor eie kinders, finansiële peil, opvoedkundige peil, bepaling of daar reeds kinders in hul sorg verkeer en of daar 'n verwantskap met die betrokke kinders is. Aandag is ook gegee aan die redes vir die sorgbehoewendheid van die kind(ers) wat by hulle geplaas is of geplaas gaan word, asook die getal plasings van die betrokke kind(ers).

- ***Geslagsverspreiding***


In die vraelys (Bylae 2) is aan die respondente gevra om hul geslag te spesifiseer. Tabel 7.2 gee 'n voorstelling van die geslagsverspreiding van die respondente.

**TABEL 7.2: GESLAGSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE**
***N=53 (100%)***

| MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|
| **Getal** | **Persentasie** | **Getal** | **Persentasie** |
| 23 | 43,4% | 30 | 56,6% |

Tabel 7.2 word skematies in figuur 7.1 voorgestel:

**FIGUUR 7.1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN GESLAGSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE**




'n Totaal van 30 respondente (56,6%) was vroulik, teenoor 23 (43,4%) manlike respondente. Die feit dat daar meer vroulike respondente as manlike respondente was, kan toegeskryf

word aan die feit dat daar tien enkelmoeders (geskei, weduwee en ongetroud) was wat as pleegouers aansoek gedoen het. Van die 23 manlike respondente, was 2 'n homoseksuele paar wat in 'n saamleefverhouding betrokke is.

Hierdie verspreiding stem dus ooreen met bevindinge deur ander navorsers dat voorkeur gegee word aan verwante pleegplasings, wanneer versorgingsmoontlikhede vir kinders buite die huis oorweeg word. By verwante pleegsorg gebeur dit meestal dat grootmoeders as substituut- of pleegouers optree (Schönteich, 2000; Gillwald, 2002).

- ***Kultuurgroepe***

Die respondente vir hierdie studie het uit die volgende kultuurgroepe bestaan: blank, swart en kleurling. Vervolgens word die verteenwoordiging van die kultuurgroepe in hierdie navorsingstudie, in tabel 7.3 voorgestel.


**TABEL 7.3: KULTUURGROEPE VAN DIE RESPONDENTE**

***N=53 (100%)***

| BLANK | | SWART | | KLEURLING | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Getal** | **Persentasie** | **Getal** | **Persentasie** | **Getal** | **Persentasie** |
| 34 | 64,16% | 17 | 32,07% | 2 | 3,77% |

Tabel 7.3 word skematies in figuur 7.2 voorgestel:

**FIGUUR 7.2: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN KULTUURGROEPE VAN DIE RESPONDENTE**



Persone van die blanke kultuur het die grootste deel van die respondente uitgemaak, naamlik 34 (64,16%). Persone van die swart kultuur was ongeveer die helfte minder, naamlik 17 (32,07%). Daar was slegs 2 (3,77%) respondente van die kleurling kultuur.

Die rede vir die hoër getal blankes teenoor die ander kultuurgroepe, kan daaraan toegeskryf word dat die grootste deel van die dienste wat by die Ondersteuningsraad van Pretoria gelewer word, tradisioneel by blankes geskied. Weens die onderskeie area-indelings tussen die verskillende welsynsorganisasies, is die areas waarvoor die Ondersteuningsraad van Pretoria verantwoordelik is, grootliks blanke gebiede. ‘n Toename in swart pleegsorgplasings word wel opgemerk, maar bestaan die oorheersende gevallelading steeds uit blankes (Steenkamp, 2003).

- ***Ouderdomsverspreiding***

Daar is aan die respondente gevra om hul ouderdom te spesifiseer. Die ouderdomsverspreiding van die respondente soos uit die vraelys (Bylae 2) verkry, word in tabel 7.4 uiteengesit.

**TABEL 7.4: OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE RESPONDENTE**

| **OUDERDOM** | **GETAL** | **%** |
|---|---|---|
| 20-29 jaar | 1 | 1,88% |
| 30-39 jaar | 16 | 30,18% |
| 40-49 jaar | 22 | 41,51% |
| 50-59 jaar | 5 | 9,44% |
| 60-69 jaar | 5 | 9,44% |
| 70-79 jr | 4 | 7,55% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit tabel 7.4 is dit duidelik dat die meeste respondente (22 oftewel 41,51%) in die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar val. Die tweede grootste getal (16 oftewel 30,18%) is tussen 30 en 39 jaar oud. Dit blyk dus dat die grootste getal respondente tussen die ouderdom van 30 en 50 jaar is, met ‘n totaal van 38 (71,69%). Volgens Louw, *et al.* (1998:575-577), is die biologiese kinders van volwassenes in hierdie ouderdomsgroepe in die volgende stadia:

- die interpreterende stadium (± 6-12 jaar);
- die interafhanklike stadium (adolessente jare); en
- die loodsingstadium (begin wanneer die oudste kind die huis verlaat).

Die feit dat daar selfs aansoeke van respondente in die ouderdomsgroepe 60 tot 69 jaar en 70 tot 79 jaar is, kan toegeskryf word aan die feit dat grootouers in die meeste gevalle aansoek doen om as pleegouers vir hul kleinkinders op te tree (Hitchcock, 2006).

Vorige navorsing (Blunden, 2005:223), wat gefokus het op 'n bindingsprogram vir verwante enkelouerpleegmoeders en pleegkinders, het ook uitgewys dat die grootste getal respondente onder die ouderdom van 60 jaar was.

- ***Huwelikstatus***

Gegewens ten opsigte van die respondente se huwelikstatus is uit die vraelys (Bylae 2) verkry, en word vervolgens in tabel 7.5 uiteengesit.

**TABEL 7.5: HUWELIKSTATUS VAN RESPONDENTE**

| **HUWELIKSTATUS** | **GETAL** | **%** |
|---|---|---|
| Enkellopend (nooit getroud) | 3 | 5,66% |
| Enkellopend (geskei) | 7 | 13,22 |
| Enkellopend (weduwee/wewenaar) | 1 | 1,88% |
| Getroud | 40 | 75,47% |
| Homoseksueel | 2 | 3,77% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit tabel 7.5 kan duidelik gesien word dat 40 respondente (75,47%) getroud is, met ander woorde 20 pare het die opleidingsgroepe deurloop. 'n Totaal van 11 respondente (20,76%), is enkellopend. 'n Homoseksuele paar, met ander woorde 2 respondente (3,77%) het ook by die opleidingsgroepe ingeskakel. Daar kan duidelik gesien word dat geen voorkeur gegee is aan die respondente se huwelikstatus nie en dat almal wat as voornemende pleegouers aangemeld het, by die opleidingsessies ingeskakel is, ongeag hul huwelikstatus.

Die 11 enkellopende respondente (20,76%) bestaan uit die volgende:

- 2 swart materne grootmoeders (3,77%);
- 5 swart materne tantes (9,24%);
- 3 blanke materne grootmoeders (5,66%); en
- 1 nie-verwante blanke vrou.

In tabel 7.3 is aangedui dat die grootste getal respondente (34 oftewel 64,16%) van die blanke kultuur is. Die grootste getal enkellopende respondente bestaan egter uit die swart kultuur (7 oftewel 13,22%) teenoor 4 (7,55%) blankes.

Alhoewel daar ‘n totaal van 13 respondente (24,53%) is wat nie getroud is nie, maak Louw, *et al.* (1998:563) die volgende stelling: “Getroude mense is oor die algemeen fisiek en sielkundig gesonder as diegene wat ‘n huweliksmaat verlaat het, geskei is of nog nooit getroud is nie, of ‘n eggenoot aan die dood afgestaan het.” Uit hierdie stelling kan dus die afleiding gemaak word dat welsynsorganisasies eerder moet poog om kinders, waar moontlik, by egpare in pleegsorg te plaas, aangesien dit vir die kinders emosioneel meer voordele inhou.

Tydens die ondersoek het die navorser bevind dat die *egliede* se motiewe vir pleegsorg, grootliks met *mekaar* ooreenstem. Geen beduidende verskille kon waargeneem word nie.

- ***Biologiese kinders van respondente***

Gegewens ten opsigte van die uiteensetting van die respondente se biologiese kinders is uit die vraelys (Bylae 2) verkry, en word vervolgens in tabel 7.6 weergegee.

**TABEL 7.6: BIOLOGIESE KINDERS VAN RESPONDENTE**

| HOEVEELHEID BIOLOGIESE KINDERS | GETAL | % |
|---|---|---|
| 4 Kinders | 2 | 3,77% |
| 3 Kinders | 11 | 20,76% |
| 2 Kinders | 18 | 33,96% |
| 1 Kind | 18 | 33,96% |
| Kinderloos | 4 | 7,55% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit bostaande tabel 7.6 kan gesien word dat 4 respondente (7,55%) kinderloos is. Van die 4 (7,55%) kinderlose respondente, is 2 (3,77%) in ‘n homoseksuele saamleefverhouding betrokke, en het gevolglik nie kinders nie. Die ander 2 (3,77%) respondente is ‘n huwelikspaar wat weens mediese redes nie kinders van hul eie kan hê nie. ‘n Totaal van 18 (33,96%) respondente het slegs 1 kind. Dit blyk dus dat by 49 respondente (92,45%), biologiese kinders teenwoordig is. Hierdie aspek het dus besondere klem ontvang tydens die opleidingsprogram.

Dit is belangrik dat kennis geneem word van bogenoemde inligting, aangesien dit ‘n invloed kan hê op hul motief om hulself as pleegouers beskikbaar te stel. (Tabel 7.16.)

- ***Hoogste opvoedkundige peil***

Gegewens ten opsigte van die respondente se hoogste opvoedkundige peil is uit die vraelys (Bylae 2) verkry, en word vervolgens in tabel 7.7 uiteengesit.

**TABEL 7.7: HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE PEIL VAN RESPONDENTE**

| **SKOOLOPLEIDING/KWALIFIKASIE** | **GETAL** | **%** |
|---|---|---|
| Geen | 1 | 1,88% |
| Graad 4 | 1 | 1,88% |
| Graad 5 | 0 | 0 |
| Graad 6 | 3 | 5,66% |
| Graad 7 | 2 | 3,77% |
| Graad 8 | 6 | 11,33% |
| Graad 9 | 3 | 5,66% |
| Graad 10 | 8 | 15,08% |
| Graad 11 | 1 | 1,88% |
| Graad 12 | 15 | 28,32% |
| Naskool | 13 | 24,54% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit bostaande tabel 7.7 kan duidelik gesien word dat die grootste getal, naamlik 15 respondente (28,32%) gematrikuleer het. ‘n Totaal van 13 (24,54%) respondente het na matrikulasie verder studeer. ‘n Totaal van 7 (13,22%) respondente het slegs

laerskoolopleiding, van wie 1 (1,88%) respondent geen skoolonderrig ontvang het nie. Hierdie respondent kon ook glad nie lees of skryf nie. Weens hierdie lae opvoedingspeil, was dit vir die navorser noodsaaklik om sommige respondente se vraelyste namens hulle te voltooi, deur die vrae te verduidelik en die antwoorde namens hulle in te vul. Hierdie verskille in opvoedingspeil is 'n aanduiding van die respondente se lewenstyl. Louw, *et al.* (1998:503), meld: "… volwassenes se lewenstyl bepaal die mate waarin hulle kognitiewe vermoëns onaangetas sal bly."

Weens die groot gaping tussen die opvoedingspeil van die respondente, het die navorser sover moontlik gepoog om die groepe volgens die opvoedkundige peil van die respondente in te deel. Dit kon egter nie heeltemal realiseer nie, vanweë die feit dat die meeste van die verwysings vir die keurings wat deur kollegas na die navorser verwys is, aan keerdatums gekoppel was. Hierdie respondente moes dus in groepe ingedeel word wat voor die onderskeie keerdatums sou plaasvind.

Uit bostaande tabel 7.7 kan die afleiding dus gemaak word dat die steekproef verteenwoordigend is van 'n breë spektrum van verskillende intellektuele vlakke waaroor persone beskik.

Voornemende pleegouers wat reeds kinders in hul sorg het (plek van veiligheid), is ook na die navorser verwys vir die nodige opleiding en keuring. Dit is ook nodig om melding te maak dat die meeste persone wat hulself as pleegouers beskikbaar stel, 'n verwantskap met die betrokke kinders het wat hulle in hul pleegsorg wil neem.

- ***Respondente wat reeds kinders in hul sorg het (in plek van veiligheid of op privaatreëling)***


Gegewens ten opsigte van die getal respondente wat reeds kinders in hul sorg het (in plek van veiligheid of op 'n privaatreëling), is uit die vraelys (Bylae 2) bekom, en word vervolgens in tabel 7.8 weergegee.

**TABEL 7.8: RESPONDENTE WAT REEDS KINDERS IN HUL SORG HET (NIE BIOLOGIESE KINDERS NIE)**

| VERKEER DAAR REEDS KINDERS IN U SORG? | GETAL | % |
|---|---|---|
| JA | 44 | 83,02% |
| NEE | 9 | 16,98% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Tabel 7.8 word skematies in figuur 7.3 weergegee:

**FIGUUR 7.3: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT KINDERS REEDS IN RESPONDENTE SE SORG**




Dit is duidelik dat 44 (83,02%) respondente reeds kinders in hul sorg het. Hierdie kinders verkeer by hulle in plek van veiligheid of op ‘n privaatreëling (tabel 7.13) terwyl die kinderhofondersoek, en dus die pleegouerondersoek, nog afgehandel moet word. Dit het die implikasie dat daar reeds dienste by hierdie gesinne of persone gelewer is, voordat hulle na die navorser verwys is vir die nodige keuring en opleiding. Gevolglik bestaan die moontlikheid dat hierdie persone reeds deur hul onderskeie maatskaplike werkers oor pleegsorg ingelig is, voordat hulle na die navorser verwys is. Dit kon dus ‘n invloed daarop gehad het om die impak van hierdie opleidingsprogram te evalueer, met ander woorde die voortoets kon nie noodwendig ‘n duidelike meting van die respondente se kennis van pleegsorg, reflekteer nie.

'n Totaal van 13 respondente (24,54%) het aansoek gedoen om meer as 1 pleegkind in pleegsorg te neem, spesifiek by gevalle waar sibbe nie van mekaar geskei kon word nie. Die getal pleegkinders waarvoor aansoek gedoen is, word soos volg uiteengesit:

- 40 respondente (15 egpare en 1 homoseksuele paar; 8 enkelouers) het aansoek gedoen om 1 kind in pleegsorg te neem;
- 8 respondente (3 egpare; 2 enkellopendes) het aansoek gedoen om 2 kinders in pleegsorg te neem;
- 3 respondente (1 egpaar; 1 enkellopende) het aansoek gedoen om 3 kinders in pleegsorg te neem; en
- 2 respondente (1 egpaar) het aansoek gedoen om 4 kinders in pleegsorg te neem.

'n Totaal van 46 kinders is by die pleegouerondersoeke betrokke. 'n Totaal van 35 kinders verkeer reeds in hul voornemende pleegouers (44 respondente oftewel 83,02%) se sorg. Van die 46 kinders, verkeer 11 nog nie in hul voornemende pleegouers (9 respondente oftewel 16,98%) se sorg nie.

- ***Vorige opleiding deurloop***

Alhoewel daar reeds kinders in 44 (83,02%) respondente se sorg verkeer, is daar volgens die gegewens soos verkry uit die aansoekvorm (Bylae 1), by geen van hierdie respondente formele opleiding aangaande pleegsorg aangebied nie. Inligting is slegs op individuele basis aan hulle deurgegee deur hul onderskeie maatskaplike werkers. Gevolglik het die repondente nie genoegsame kennis van pleegsorg gehad voordat die kinders by hulle geplaas is nie. Die voordeel van opleiding is nie net daarin geleë dat dit pleegouers se kennis verbeter nie, maar dat dit ook die verhouding tussen die maatskaplike werker en die pleegouer verbeter (Rhodes, Orme & Buehler, 2001:88).

- ***Verwantskap met voornemende pleegkinders***

Tabel 7.9 gee 'n aanduiding van die getal respondente wat aansoek gedoen het om kinders wat aan hulle verwant is, by hulle in pleegsorg te neem. Genoemde gegewens is uit die vraelys (Bylae 2) verkry.


**TABEL 7.9: VERWANTSKAP MET VOORNEMENDE PLEEGKINDERS**

***N =53 (100%)***

| VERWANT | | NIE-VERWANT | |
|---|---|---|---|
| **Getal** | **Persentasie** | **Getal** | **Persentasie** |
| 39 | 73,58% | 14 | 26,42% |

Tabel 7.9 word skematies in figuur 7.4 voorgestel:

**FIGUUR 7.4: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT VERWANTSKAP MET VOORNEMENDE PLEEGKINDERS**




‘n Totaal van 39 (73,58%) respondente het aansoek gedoen om kinders by hulle in pleegsorg te neem wat aan hulle verwant is, teenoor 14 (26,42%) wat nie aan hulle verwant is nie. In Suid-Afrika tref die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) geen onderskeid tussen verwante en nie-verwante pleegsorg. Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) maak wel onderskeid tussen verwante en nie-verwante pleegsorg, maar die betrokke Artikels van genoemde Wet is nog nie geïmplementeer nie.

Die meerderheid in verwante pleegsorgplasings kan toegeskryf word aan ‘n toename in die aanmelding van weeskinders (Snyman, 2003). Dit kan ook toegeskryf word aan die feit dat minder mense bereid is om as pleegouers op te tree. By verwante pleegsorgplasings, is die kinders egter familie wat soms reeds jare lank by die pleegouers woon (Grogan-Kaylor, 2000:133). Grogan-Kaylor (2000:133) maak die volgende stelling: “Placement with kin may thus represent a way of finding new foster homes at a time when the child welfare system is confronted with increasing demands for its services in the face of declining resources.” Al die *verwante* respondente (39 oftewel 73,58%) se kinders waarvoor hulle aansoek gedoen het as pleegouers, verkeer reeds in hul sorg, waarvan 17 van hierdie respondente, se plasings

privaatreëlings is (tabel 7.13). By die 14 (26,42%) *nie-verwante* respondente, is daar by 5 van hierdie respondente, reeds kinders in hul sorg.

- ***Finansiële peil***

Gegewens ten opsigte van die finansiële peil van die respondente is uit die aansoekvorm (Bylae 1) verkry, en word vervolgens in tabel 7.10 uiteengesit.

**TABEL 7.10: FINANSIëLE PEIL VAN INDIVIDUELE RESPONDENTE**

| MAANDELIKSE INKOMSTE | GETAL | % |
|---|---|---|
| Meer as R20 000 | 2 | 3,77% |
| R15 000 – R20 000 | 1 | 1,88% |
| R10 000 – R15 000 | 5 | 9,44% |
| R7 000 – R10 000 | 5 | 9,44% |
| R4 000 – R7 000 | 17 | 32,08% |
| R2 000 – R4 000 | 6 | 11,33% |
| R1 000 – R2 000 | 3 | 5,66% |
| Minder as R1000 | 4 | 7,55% |
| Geen (tuisteskepper; word deur eggenoot onderhou) | 8 | 15,08% |
| Geen (werkloos) | 2 | 3,77% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit bostaande tabel 7.10 kan gesien word dat 'n totaal van 17 (32,08%) respondente se finansiële peil tussen R4 000 en R7 000 lê. Van die 53 respondente, is 8 (15,08%) tuisteskeppers en word hulle deur hul eggenote onderhou. Slegs 2 (3,77%) respondente is werkloos en verdien geen inkomste nie. 'n Totaal van 4 (7,55%) respondente verdien 'n maandelikse inkomste van minder as R1 000, hoofsaaklik weens 'n staatspensioen en/of 'n staatsongeskiktheidspensioen. By huwelikspare, is daar meestal twee inkomstes ter sprake.

Dit is nodig om agtergrond te verkry ten opsigte van voornemende pleegouers se finansiële omstandighede, aangesien die feit dat pleegouers 'n pleegkindtoelaag van die staat ontvang, 'n moontlike motief vir aansoek om pleegsorg kan wees (Gillwald, 2002; Delport, 2007:36). Dit word veral gevind by familie wat reeds jare lank 'n kind versorg wie se biologiese ouers oorlede is, dat hulle aansoek doen om hierdie kind in pleegsorg te neem,

sodat 'n pleegkindtoelaag verkry kan word. Minkler (2003:207) stel dit soos volg: "For grandparents who become the primary caregivers for their grandchildren, the personal decision to care often has profound economic consequences."

- ***Redes vir die sorgbehoewendheid van die betrokke kinders***


'n Uiteensetting vir die redes vir die sorgbehoewendheid van die kinders waarvoor die respondente om pleegsorg aansoek gedoen het, volg in tabel 7.11. Hierdie getalle fokus op die *respondente* en nie die getal kinders nie, aangesien sibbe aan dieselfde omstandighede blootgestel was. Hierdie gegewens is verkry uit onderhoude wat met die respondente gevoer is tydens die tuisbesoeke wat onderneem is.

**TABEL 7.11: REDES VIR DIE SORGBEHOEWENDHEID VAN DIE BETROKKE KINDERS**

| REDES VIR SORGBEHOEWENDHEID | GETAL | % |
|---|---|---|
| Weeskinders (A) | 19 | 35,85% |
| Verlating deur of onopspoorbaarheid van ouers (B) | 14 | 26,42% |
| Fisiese en/of emosionele verwaarlosing/mishandeling (C) | 16 | 30,18% |
| Seksuele misbruik (D) | 4 | 7,55% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

Bostaande tabel 7.11 word skematies in figuur 7.5 weergegee.

**FIGUUR 7.5: SKEMATIESE VOORSTELLING MET BETREKKING TOT DIE REDES VIR DIE BETROKKE KINDERS SE SORGBEHOEWENDHEID**



By 19 (35,85%) *respondente* is die kinders wat hulle by hulle in pleegsorg wil neem, se sorgbehoewendheid daarin geleë dat hul wees gelaat is weens die afsterwe van hul biologiese ouers. Dit is 'n aanduiding dat hierdie pleegsorgplasings permanent van aard sal wees. Die tweede grootste getal respondente, naamlik 16 (30,18%), wil kinders by hulle in pleegsorg neem wat weens fisiese en/of emosionele verwaarlosing of mishandeling, sorgbehoewend is. Slegs 4 (7,55%) respondente (2 ouerpare) is geïdentifiseer wat aansoek gedoen het om kinders by hulle in pleegsorg te neem wat weens seksuele misbruik sorgbehoewend is.

Tabel 7.9 het reeds aangedui dat die meeste respondente verwant is aan die voornemende pleegkinders; gevolglik dra die meeste respondente kennis van die redes vir die betrokke kinders se sorgbehoewendheid. Volgens Grogan-Kaylor (2000:133), is gevind dat: "…children placed in kinship foster care are reunified more slowly from foster care than children who are placed in foster homes with non-relatives." Verwante pleegouers meld dat hulle 'n lewenslange verantwoordelikheid teenoor hul pleegkinders het (Mason & Linsk, 2002:557).

- ***Aantal pleegplasings***

Gegewens aangaande die betrokke voornemende pleegkinders se vorige plasings (indien van toepassing) is uit die aansoekvorm (Bylae 1) verkry, en word vervolgens in tabel 7.12 uiteengesit.

**TABEL 7.12: GETAL PLASINGSOPSIE WAT DIE <u>RESPONDENTE</u> VIR HUL VOORNEMENDE PLEEGKINDERS IS**

| GETAL PLASINGSOPSIE (HOEVEELHEID PLASINGS) | GETAL | % |
|---|---|---|
| Eerste plasing | 29 | 54,70% |
| Tweede plasing | 13 | 24,54% |
| Derde plasing | 7 | 13,22% |
| Vierde plasing | 2 | 3,77% |
| Vyfde plasing | 2 | 3,77% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** |

By ‘n totaal van 29 (54,70%) respondente, word hulle as die eerste plasing gereken vir die betrokke ***kinders*** waarvoor hulle as pleegouers aansoek gedoen het (hierdie kinders kan ook reeds in hul sorg verkeer op privaatreëling of in plek van veiligheid). By 13 (24,54%) respondente is hulle die tweede plasingsgeleentheid vir die betrokke kinders. By 11 respondente (20,76%), word hulle as die derde of meer plasingsopsie vir hul voornemende pleegkinders gereken. Hierdie aspek moes spesiale aandag in die opleidingsprogram ontvang, naamlik die effek van verwydering op die kind en verwagte emosionele probleme. Fahlberg (1994:142) meen dat ‘n kind afstand skep tussen hom en sy versorgers vanweë herhaalde skeidings. Uit navorsing wat onderneem is (Delport, 2007:51), is twee van die vernaamste redes vir die mislukking van pleegsorgplasings die volgende:

- konflik tussen pleegouers en pleegkinders; en
- gedragsprobleme wat by pleegkinders voorkom.

Weens die verskuiwing van pleegkinders van een versorgingsposisie na ‘n ander, vind emosionele ontwrigting by die betrokke kind plaas. Kinders wat reeds verskeie kere van versorgingsposisie moes verskuif, ervaar ‘n bindingsversteuring. Dit dra daartoe by dat toekomstige plasings dus ook die risiko loop om te misluk, juis omdat hierdie kinders nie met hul pleegouers sal kan bind nie (Fahlberg, 1994:133).

By hierdie 13 *respondente* (45,3%) of voornemende pleegouers, wat dus kinders ontvang vir wie hulle ‘n tweede of meer plasingsopsie is, word aanbeveel dat die maatskaplike werker verdere indringende opvolgbesoeke doen. Spesiale temas vir voornemende pleegouers met sedere temas, sal in die program aangebring moet word.

- ***Veiligheidstoelaag/pleegkindtoelaag***

Tabel 7.8 bevestig dat 44 (83,02%) van die 53 respondente reeds kinders het wat in hul sorg verkeer. By al hierdie respondente, is die pleegouerondersoek met betrekking tot hierdie kinders nog nie afgehandel nie. Gegewens soos verkry uit die aansoekvorm (Bylae 1) ten opsigte van hierdie 44 plasings, word vervolgens in tabel 7.13 uiteengesit.

**TABEL 7.13: SOORT PLASING MET BETREKKING TOT KINDERS REEDS IN RESPONDENTE SE SORG**

| SOORT PLASING | GETAL | % |
|---|---|---|
| Plek van veiligheid | 27 | 61,36% |
| Privaatreëling | 17 | 38,64% |
| ***N =*** | ***44*** | ***100%*** |

Van die ***44 respondente*** (egpare en enkelouers) wat reeds kinders in hul sorg het en van wie die pleegouerondersoek nog steeds hangend is, is 27 (61,36%) van hierdie plasings, plek van veiligheid (***35*** van 'n totaal van ***46 kinders*** verkeer reeds in hul voornemende pleegouers se sorg). Gevolglik ontvang hierdie 27 respondente (voornemende pleegouers) slegs 'n veiligheidstoelaag. By die oorblywende 17 (38,64%) respondente, waar kinders by hulle op privaatreëling verkeer, word geen toelaag uitbetaal nie.

- ***Kriminele rekord***

Dit is teen die Ondersteuningsraad se beleid om pleegouers te keur wat 'n kriminele rekord het (Steenkamp, 2003). Uit inligting soos verkry vanuit die aansoekvorm (Bylae 1), blyk dit dat geen van die 53 respondente oor 'n kriminele rekord beskik nie. Hierdie gegewens is nie noodwendig 'n refleksie van die werklikheid nie, aangesien genoemde inligting wel deur respondente verswyg kon wees.

'n Oorsig van die sosio-demografiese aspekte van die respondente is in die bostaande tabelle en figure weergegee en bespreek. Aandag word vervolgens gegee aan die resultate soos verkry uit die voortoets en natoets. Hierdie gegewens word bespreek in die konteks van die opleidingsessies wat plaasgevind het. Die uitkomste van die voor- en natoetse word aan die hand van die inligting wat by elke sessie gehanteer is, bespreek.

## 7.5 OPLEIDING IN GROEPSVERBAND

Vervolgens word die sessies van die opleidingsprogram uiteengesit in terme van die doelstelling, doelwitte en verloop van elke sessie. Daarna volg 'n kort evaluering van die opleidingsessies.

### 7.5.1 Opleidingessie 1

#### 7.5.1.1 Doelstelling

Om respondente ten opsigte van die proses van die verloop van die opleidingsprogram te oriënteer en om hul kennis rakende pleegsorg soos in die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) te verbeter. (Kyk paragraaf 6.6.3.1.)

#### 7.5.1.2 Doelwitte

- om respondente aan mekaar voor te stel en om aan hulle die rede vir die opleidingsessies te verduidelik;
- om ‘n vertrouensverhouding daar te stel; en
Uit bostaande tabel 7.18 blyk dit dat die impak van die program die positiewe motiewe vir pleegsorg, by 1 (1,88%) respondent nie gemeet kon word nie. Dit is weens die feit dat hierdie respondent reeds voor die aanvang van die opleidingsprogram oor die nodige kennis aangaande hierdie onderwerp beskik het. Die program het geen impak (verandering) gehad by 8 (15,08%) respondente nie. By 44 (83,02%) respondente, het die opleidingsprogram ten opsigte van hierdie tema wel impak gehad, en kan die gevolgtrekking gemaak word dat hul kennis van die positiewe motiewe vir pleegsorg wel verbeter/verhoog het.

Die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000) meld dat pleegouers bepaalde redes het waarom hulle kinders in pleegsorg neem. Hierdie motiewe kan aanvaarbaar of onaanvaarbaar wees. O' Brien, Massat en Gleeson (2001:728) meld dat motiewe vir verwante pleegsorg die volgende behels:

- familie voel verantwoordelik om die kinders in pleegsorg te neem; en
- het liefde vir die kind wat familie is.

'n Toelae of pensioen is in sommige gevalle die pleegouer se hoofbron van inkomste, en is dit Wilson en Chipungu (1996:389) se bevinding dat pleegouers meestal pensioenarisse is wat finansieel sukkel om pleegkinders te versorg. Gevolglik kan die ontvangs van 'n pleegkindtoelaag ook as motief dien vir pleegsorg (tabel 7.17).

Inligting verkry uit die opvolgonderhoude: Dit het uit die onderhoude duidelik geword dat baie van die motiewe wat deur sommige van die respondente tydens die voortoets op die vraelys gelys is, spruit uit hul eie motiewe vir pleegsorg. Respondent 49 het byvoorbeeld kinderloosheid as motief vir pleegsorg gemeld tydens die voortoets (genoemde respondente is self kinderloos). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die positiewe motiewe wat tydens die voortoets gelys is, aan eie behoeftes en situasies gekoppel is. Die volgende inligting is ook uit die opvolgonderhoude bevestig:

- meeste respondente het self meer as een motief vir pleegsorg en voel dit kan nie regtig los van mekaar staan nie;
- onaanvaarbare motiewe kan tot gevolg hê dat pleegplasings misluk, wat weer bydra tot die pleegouers se negatiewe gevoel teenoor pleegsorg; en
- in die geval van respondente wat getroud is (egpare), kan die individuele egliede se motiewe vir pleegsorg verskil; dit is dus nodig dat hul motiewe vir pleegsorg afsonderlik deur die maatskaplike werker geëksploreer word.

Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werker moet evalueer wat die voornemende pleegouers se werklike motiewe is om kinders in pleegsorg te neem, voordat kinders by hulle geplaas word.

### 7.5.1.5 Evaluering

Groep een

Die respondente het van die begin af redelik gemaklik met mekaar oor die weg gekom. Die sessie het gemaklik verloop en die hantering van vrae en probleemaspekte was vinnig, aangesien hierdie groep min vrae aan die navorser gevra het. Baie tyd is in beslag geneem deur die deurgee van inligting wat mediese aangeleenthede aanraak, asook die doel van gesinsherenigingsdienste. Weens die feit dat meeste van die lede reeds kinders in hul sorg het, het hulle tydens hierdie sessie ook redelike *basiese* kennis van pleegsorg geopenbaar.

Groep twee

Hierdie groep was meer onbetrokke en het hoofsaaklik bestaan uit grootouers wat weens die afsterwe van hul kinders, verantwoordelik is vir die versorging van hul kleinkinders. Die navorser het stadig deur hierdie opleidingsessie beweeg, aangesien die meeste van hierdie lede intellektueel laag-funksionerend is. Dit was nodig om deurlopend vrae te beantwoord ter

verheldering van die inligting wat deurgegee is. Dit was veral opvallend dat die meeste van hierdie lede wettige pleegplasings van hul kleinkinders oorweeg, sodat hulle pleegkindtoelaes kan ontvang. Die ontvangs van pleegkindtoelaes was ook duidelik die motivering van die meeste lede van hierdie groep se pleegoueraansoeke.

<u>Groep drie</u>

Die respondente van hierdie groep het van die begin af ook redelik spontaan met mekaar oor die weg gekom en interaksie met mekaar gehad. Die navorser het tydens hierdie sessie baie gebruik gemaak van gevallestudies, aangesien die lede hul eie situasies aan die groep voorgehou het. Hulle was baie betrokke by die sessie en het gemaklik aan die groepsgesprek deelgeneem.

### 7.5.2 Opleidingsessie 2

#### 7.5.2.1 Doelstelling

Om respondente te oriënteer ten opsigte van die regte en verwagtinge van al die betrokke partye en om 'n begrip te vorm van hul verantwoordelikheid as pleegouers. (Kyk paragraaf 6.6.3.2.)

#### 7.5.2.2 Doelwitte

- om 'n kort samevatting van die vorige sessie te gee en om aan die respondente die geleentheid te bied om vrae daaroor te vra, indien daar nog enige onsekerheid bestaan;
- om die respondente vertroud te maak met die verwagtinge wat gestel word aan pleegouers, biologiese ouers en maatskaplike werkers;
- om die respondente ook vertroud te maak met die regte van pleegkinders, pleegouers en biologiese ouers;
- om strafmaatreëls ten opsigte van pleegkinders te bespreek; en
- om kennis en begrip by respondente te kweek oor die tipes kontak wat tussen pleegkinders en hul biologiese ouers plaasvind en wat die doel van hierdie kontak is.

### 7.5.2.3 Verloop

- ‘n kort samevatting van die vorige opleidingsessie word gegee om kontinuïteit te verseker en verdere vrae rondom sessie een word weer hanteer;
- ‘n bespreking volg ten opsigte van die verwagtinge wat gestel word aan pleegouers, die biologiese ouers asook die maatskaplike werkers;
- ‘n bespreking volg ten opsigte van die regte van al die betrokke partye wat uit die pleegkinders, pleegouers en die biologiese ouers bestaan;
- ‘n bespreking ten opsigte van strafmaatreëls word hanteer en insette word gegee oor alternatiewe dissiplineringsmetodes vir pleegkinders;
- ‘n bespreking word hanteer oor die tipes kontak wat tussen pleegkinders en hul biologiese ouers plaasvind, wat hierdie kontak behels, wat die redes vir hierdie kontak is en hoe dit gestruktureer word deur die betrokke maatskaplike werker;
- ‘n geleentheid volg waar vrae en probleembespreking ten opsigte van die inligting wat deurgegee is hanteer word, om enige onsekerhede by die voornemende pleegouers uit die weg te ruim; en
- ‘n kort samevatting word van die opleidingsessie gegee.

### 7.5.2.4 Resultate van die voor- en natoetse

Die volgende tabelle inkorporeer die kennis wat respondente opgedoen van die *tweede sessie* van die opleidingsprogram, soos gemeet deur die selfopgestelde vraelys (Bylae 2), wat as voortoets en natoets gedien het.

- ***Kontak en besoeke tussen pleegkinders en hul biologiese ouers***

Vervolgens word die impak van die opleidingsprogram op die voornemende pleegouers se kennis van kontak en besoeke tussen pleegkinders en hul biologiese ouers in tabel 7.19 weergegee.

**TABEL 7.19: KENNIS VAN KONTAK EN BESOEKE TUSSEN PLEEGKINDERS EN HUL BIOLOGIESE OUERS**

Die korrekte antwoord: Kantoorbesoeke sonder toesig
Kantoorbesoeke met toesig
Dagbesoeke
Naweekbesoeke
Vakansiebesoeke

***N=53 (100%)***

| **RESPONDENTE** | **DATA VAN VOORTOETS** | **DATA VAN NATOETS** | **EVALUERING: DATA VAN NATOETS** |
|---|---|---|---|
| Respondent 1 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 2 | • Weet nie | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebsoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 3 | • Kantoorbesoeke met toesig | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 4 | • Geen | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor 'n verkeerde antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 5 | • Weet nie | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 6 | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 7 | • Slegs telefoniese kontak | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor 'n verkeerde antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 8 | • Weet nie | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 9 | • Weet nie | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 10 | • Kantoorbesoeke met toesig | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 11 | • Geen | • Kantoorbesoeke met toesig | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | reg, teenoor 'n verkeerde antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 12 | • Weet nie | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 13 | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het al vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 14 | • Weet nie | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 15 | • Slegs telefoniese kontak | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenor een verkeerde antwoord by die voortoets. Die verkeerde antwoord by die voortoets is by die natoets weggelaat.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 16 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig | Het al vyf die antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 17 | • Geen | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 18 | • Geen | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 19 | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 20 | • Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 21 | • Weet nie | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 22 | • Dagbesoeke | • Kantoorbesoeke | Het al vyf die antwoorde by |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 23 | • Slegs telefonise kontak | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Die verkeerde antwoord by die voortoets is by die natoets weggelaat.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 24 | • Weet nie | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 25 | • Kantoorbesoeke met toesig | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 26 | • Kantoorbesoeke met toesig | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se reslutaat.*** |
| Respondent 27 | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 28 | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 29 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het tydens die voortoets sowel as die natoets, vier van die vyf antwoorde reg.<br>***Geen impak nie.*** |
| Respondent 30 | • Weet nie | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het tydens die voortoets geen kennis gehad nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 31 | • Geen | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 32 | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het al vyf die antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 33 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Vakansiebesoeke | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 34 | • Geen | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het tydens die voortoets geen kennis gehad nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 35 | • Geen | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het tydens die voortoets geen kennis gehad nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 36 | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 37 | • Weet nie | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het tydens die voortoets geen kennis gehad nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 38 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ***voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 39 | • Slegs telefoniese kontak | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Die verkeerde antwoord by die voortoets is by die natoets weggelaat.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 40 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 41 | • Geen | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Vakansiebesoeke | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 42 | • Slegs telefoniese kontak | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Die verkeerde antwoord by die voortoets is by die natoets weggelaat.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 43 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het al vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor vier korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Respondent 44 | • Kantoorbesoeke met toesig | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 45 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Vakansiebsoeke | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 46 | • Weet nie | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 47 | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 48 | • Kantoorbesoeke met toesig | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor een korrekte antwoord by die voortoets. ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 49 | • Weet nie | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke | Het twee van die vyf antwoorde by die natoets reg.<br>Het geen kennis gehad tydens die voortoets nie. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 50 | • Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Dagbesoeke<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 51 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het vier van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 52 | • Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor twee korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |
| Respondent 53 | • Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | • Kantoorbesoeke sonder toesig<br>• Kantoorbesoeke met toesig<br>• Naweekbesoeke<br>• Vakansiebesoeke | Het drie van die vyf antwoorde by die natoets reg, teenoor drie korrekte antwoorde by die voortoets.<br>***Verbetering op die voortoets se resultaat.*** |

Uit bostaande tabel 7.19 blyk dit dat die program ten opsigte van die kontak en besoeke tussen pleegkinders en hul biologiese ouers, by 1 (1,88%) respondent geen impak gehad het nie. By 52 (98,12%) respondente, het die opleidingsprogram ten opsigte van hierdie tema, wel impak gehad en kan die gevolgtrekking gemaak word dat hul kennis van die kontak en besoeke tussen pleegkinders en hul biologiese ouers, wel verbeter/verhoog het.

Uit die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000), blyk dit duidelik dat dit belangrik is dat kontak en besoeke tussen pleegkinders en hul biologiese ouers bewerkstellig moet word, en wel om die volgende redes:

- dit bevorder die kind se gevoel van 'n eie identiteit;
- die kind beleef nie dat hy verwerp is nie; en
- dit hou die band van gehegtheid met sy ouers in stand.

Kontak tussen biologiese ouers en pleegkinders kan dus positief wees. Swanepoel (1999:29) stel dit soos volg: "Contact helps the child and parents to be able to confront the reasons why the child cannot live at home."

Vorige navorsing deur Delport (2007:206), bevestig dat kontak tussen pleegkinders en hul biologiese ouers moet plaasvind. Delport (2007:206) meen: "... dat kontak tussen biologiese ouers en pleegkinders belangrik is vir die pleegkind se welstand. Alhoewel dit gewens is dat pleegkinders gereeld kontak met biologiese ouers moet hê, is dit nie altyd moontlik nie."

<u>Inligting verkry uit die opvolgonderhoude</u>: Dit is duidelik uit die onderhoude dat hierdie situasie ten opsigte van kontak en besoeke tussen pleegkinders en hul biologiese kinders, vir die respondente baie bedreigend is. Die volgende redes hiervoor het na vore gekom:

- die respondente is kwaad vir die biologiese ouers vir wat hulle die kind aangedoen het;
- hulle vrees die dag dat die pleegkinders na hul biologiese ouers moet teruggaan;
- kontak met en besoeke aan die biologiese ouers is baie keer vir die pleegkinders ontwrigtend, en respondente beleef dat kinders dus steeds nie teen hul biologiese ouers beskerm word nie; en
- dit help dat hulle die rasionaal verstaan agter die motivering vir die aanmoediging van kontak en besoeke tussen pleegkinders en hul biologiese ouers.

Om 'n pleegouer te wees, kan baie moeilik wees. Daar word van pleegouers verwag om die rol van ouers te vertolk, sonder al die regte van 'n ouer en met die wete dat 'n kind kan terugkeer na sy ouerhuis (Kleynhans, 2000:27). Hiervolgens kan die navorser die afleiding maak dat, alhoewel die repondente wel die kennis ten opsigte van kontak tussen pleegkinders en hul biologiese ouers bekom het, dit steeds vir die meeste van hulle baie moeilik sal wees om hierdie kennis toe te pas.

#### 7.5.2.5 Evaluering

Groep een

Die opleidingsessie het gemaklik verloop en respondente het nie geskroom om hul sieninge te lug nie. Vrae is beantwoord aan die hand van gevallestudies, wat die inligting vir die respondente meer prakties en verstaanbaar maak. Baie weerstand het voorgekom rondom die inligting wat deurgegee is ten opsigte van die kontak tussen pleegkinders en die biologiese ouers; dit is vir die respondente baie bedreigend.

Groep twee

Hierdie groep verstaan die inligting moeiliker as die ander twee groepe, omdat die meeste respondente van hierdie groep grootliks uit intellektueel laer-funksionerende individue bestaan. Hierdie sessie het ook langer as die aanbevole drie ure geduur, sodat al die nodige inligting deurgegee kon word.

Groep drie

Hierdie sessie het die vinnigste van al die groepe beweeg en beperkte vrae is gevra. Respondente het graag self situasies genoem ten opsigte van hul eie belewenis, wat in die groep hanteer is. Die inligting wat tydens hierdie insette deur respondente gelewer is, het die inligting wat tydens die eerste sessie hanteer is, bevestig.

### 7.5.3 Opleidingsessie 3

#### 7.5.3.1 Doelstelling

Om respondente te oriënteer ten opsigte van die emosionele probleme wat by pleegkinders kan voorkom en hul rol as gesinsisteem om hierdie kind te help. (Kyk paragraaf 6.6.3.3.)

#### 7.5.3.2 Doelwitte

- om 'n kort samevatting te gee van die vorige opleidingsessie en om aan respondente die geleentheid te bied om vrae te vra;
- om die respondente te oriënteer ten opsigte van emosionele probleme wat pleegkinders ervaar en hoe om dit te hanteer;

- om die respondente te oriënteer ten opsigte van die hantering van die kind met MIV/VIGS;
- om die respondente bewus te maak dat die gesinsisteem benut kan word om kinders te heel;
- om 'n hulpbronlys van sielkundiges en terapeute aan die respondente beskikbaar te stel; en
- om die respondente die vraelyste (A) individueel te laat voltooi om die verandering al dan nie, ten opsigte van hul kennis te evalueer.

**7.5.3.3 Verloop**

- 'n kort samevatting ten opsigte van die vorige sessie word gegee, om sodoende kontinuïteit te verseker en enige onduidelikhede uit te klaar;
- 'n diepgaande bespreking van emosionele probleme wat by pleegkinders kan voorkom word gevolg, en die hantering van daardie probleme is ook in detail bespreek;
- 'n bespreking van die kind met MIV/VIGS en die hantering daarvan,volg;
- 'n bespreking volg ten opsigte van die taak en verantwoordelikhede wat op die respondente as voornemende pleegouers, wag;
- 'n bespreking van hoe die pleeggesin as gesond-funksionerende sisteem daarmee kan help om pleegkinders te heel en om hulle deel van 'n nuwe gesinsisteem te maak;
- vrae en probleemaspekte word hanteer ten opsigte van inligting wat deurgegee is;
- 'n hulpbronlys word aan die respondente voorsien, met die besonderhede van sielkundiges en terapeute vir verwysings indien nodig;
- 'n kort samevatting van die sessie word gegee; en
- respondente word weereens die geleentheid gebied om 'n vraelys (natoets) te voltooi, sodat die impak van die opleidingsprogram gemeet kan word.

**7.5.3.4 Resultate van die voor- en natoetse**

Die volgende tabelle inkorporeer die kennis wat respondente opgedoen het van die *derde en laaste sessie* van die opleidingsprogram, soos gemeet deur die selfopgestelde vraelys (Bylae 2), wat as voortoets en natoets gedien het.

- ***Kennis van die hantering van die pleegkind se emosionele behoeftes en probleme***

Vervolgens word die impak van die intervensieprogram ten opsigte van die voornemende pleegouers se kennis van die hantering van emosionele probleme en behoeftes by pleegkinders, in tabel 7.20 uiteengesit.

**TABEL 7.20: HANTERING VAN DIE PLEEGKIND SE EMOSIONELE BEHOEFTES EN PROBLEME**

| **HANTERING VAN DIE PLEEGKIND SE EMOSIONELE BEHOEFTES** | **VOORTOETS** | | **NATOETS** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Getal** | **%** | **Getal** | **%** |
| Baie swak | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Swak | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Redelik goed | 8 | 15,08% | 2 | 3,77% |
| Goed | 35 | 66,06% | 14 | 26,42% |
| Baie goed | 9 | 16,98% | 34 | 64,15% |
| Uitstekend | 1 | 1,88% | 3 | 5,66% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit tabel 7.20 kan gesien word dat 8 (15,08%) respondente tydens die voortoets van mening is dat hulle redelik goed daarin sal kan slaag om die emosionele probleme van pleegkinders te hanteer, teenoor 2 (3,77%) respondente tydens die natoets. ‘n Totaal van 35 (66,06%) respondente het tydens die voortoets genoem dat hulle goed daarin sal kan slaag om die emosionele probleme van pleegkinders te kan hanteer, teenoor 14 (26,42%) respondente tydens die natoets. Dit kan ‘n aanduiding wees dat die respondente na die opleidingsprogram tot die besef gekom het dat die behoeftes en probleme van pleegkinders, meer kompleks is as wat hulle aanvanklik vermoed het. Tydens die voortoets het 9 (16,98%), respondente gemeld dat hulle baie goed daarin sal kan slaag om die emosionele probleme van pleegkinders te kan hanteer, teenoor 34 (64,15%) respondente tydens die natoets. Daar was ‘n toename in respondente, naamlik van 1 (1,88%) tot 3 (5,66%) wat van mening is dat hulle uitstekend daarin sal kan slaag om die emosionele probleme van die pleegkind te kan hanteer. ‘n Verbetering in respondente se kennis van die hantering van emosionele probleme en behoeftes wat by pleegkinders kan voorkom, kan dus waargeneem word.

Om 'n pleegouer vir pleegkinders te wees, vereis baie verbintenis tot die taak. Triseliotis, *et al.* (1995:46) stel dit soos volg: "…it also requires knowledge and skills. Knowlegde and skills, combined with commitment, are more likely to lead to carers being successful, and hence finding the task rewarding." Dit kan gesien word in die lig van so baie programme wat wêreldwyd aangebied word vir pleegouers met betrekking tot kinders met spesiale behoeftes (soos op die internet beskikbaar).

<u>Inligting verkry uit opvolgonderhoude</u>: 'n Totaal van 39 (73,58%) respondente is verwant aan die betrokke kinders (tabel 7.9) waarvoor hulle om pleegsorg aansoek gedoen het. Dit blyk dat hulle almal beleef dat hulle reeds by hierdie kinders betrokke was vanaf hul kleuterdae en dus reeds van die begin af opgewasse voel om hierdie kinders se emosionele probleme te kan hanteer. Die inligting wat verkry is, kan soos volg uitgelig word:

- die realiteit van die verantwoordelikheid wat met pleegsorg gepaardgaan, is vir die eerste keer baie duidelik aan hulle gestel;
- sonder die inligting wat tydens die opleidingsessies deurgegee is, sou hulle nie daarvoor kans gesien het om hierdie probleme te hanteer as dit sou voorkom nie;
- hul begrip vir pleegkinders het verhoog en hulle besef dat baie energie en tyd aan hierdie kinders afgestaan moet word;
- hulle is bewus van die probleme wat by die betrokke kinders voorkom, vanweë hul verwantskap aan mekaar, en meen dat hulle nog altyd daartoe in staat was om hierdie probleme te kon oorkom; en
- dit bly egter goed om volledige inligting van die emosionele probleme van pleegkinders te bekom, selfs al is dit dalk nie van toepassing op die betrokke kinders wat in hul sorg geplaas gaan word nie.

Dit blyk uit die data verkry van die voor- en natoetse, dat die program 'n verhoogde kennis by voornemende pleegouers teweeggebring het aangaande die hantering van emosionele probleme wat by pleegkinders kan voorkom. Indien pleegouers probleme met pleegkinders ervaar, is individuele hulp deur die maatskaplike werker ook beskikbaar. 'n Aanbeveling vir die uitbreiding van hierdie program behels dat aandag gegee sal word aan aspekte met betrekking tot pleegkinders met spesiale behoeftes.

- ***Mate van voorbereiding op pleegsorg***

Gegewens met betrekking tot die mate waartoe respondente op pleegsorg voorberei is, is uit die vraelys (Bylae 2) verkry. Die mate waartoe die respondente op pleegsorg voorberei is, word in tabel 7.21uiteengesit.

**TABEL 7.21: MATE WAARTOE RESPONDENTE OP PLEEGSORG VOORBEREI IS**

| MATE WAARTOE RESPONDENTE OP PLEEGSORG VOORBEREI IS | VOORTOETS | | NATOETS | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % |
| Baie swak | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Swak | 5 | 9,44% | 0 | 0 |
| Redelik goed | 28 | 52,83% | 11 | 20,76% |
| Goed | 19 | 35,85% | 23 | 43,39% |
| Baie goed | 1 | 1,88% | 17 | 32,08% |
| Uitstekend | 0 | 0 | 2 | 3,77% |
| ***N =*** | ***53*** | ***100%*** | ***53*** | ***100%*** |

Uit tabel 7.21 kan gesien word dat 5 (9,44%) respondente tydens die voortoets genoem het dat hulle swak voorberei is op pleegsorg, teenoor geen respondente tydens die natoets nie. ‘n Totaal van 28 (52,83%) respondente het tydens die voortoets genoem dat hulle redelik goed voorberei is op pleegsorg, teenoor 11 (20,76%) tydens die natoets. ‘n Totaal van 19 (35,85%) respondente het tydens die voortoets genoem dat hulle goed op pleegsorg voorberei is, teenoor 23 (43,39%) tydens die natoets. Uit die bostaande tabel kan ook gesien word dat 1 (1,88%) respondent genoem het dat sy baie goed op pleegsorg voorbeei is, teenoor 17 (32,08%) respondente tydens die natoets. ‘n Totaal van 2 (3,77%) respondente is van mening dat hulle uitstekend op pleegsorg voorberei is, teenoor geen resondente tydens die voortoets nie.

<u>Inligting verkry uit opvolgonderhoude</u>: Die volgende inligting is tydens die opvolgonderhoude van die respondente verkry:

- maak nie saak hoe voorbereid hulle op pleegsorg voel nie, daar sal altyd probleme opduik, en eers wanneer hulle in die situasie is, sal hulle kan bepaal of hulle dit kan hanteer;

- die opleiding maak hulle meer bewus van die groot taak wat op hulle wag;
- hulle sal nooit genoeg inligting kan hê om volkome en sonder probleme die versorging van 'n pleegkind waar te neem nie; en
- hulle verstaan wat van hulle verwag word en wat hulle van die pleegsorgsituasie in sy geheel te wagte kan wees.

Dit blyk dus dat die respondente na die aanbieding van hierdie opleidingsessie, meer voorbereid voel op pleegsorg. Die program kan dus gesien word as 'n positiewe inset om hulle bewus te maak van pleegsorg met al sy fasette.

#### 7.5.3.5 Evaluering

Groep een

Baie tyd is afgestaan aan die bespreking van emosionele probleme wat by pleegkinders kan voorkom, asook die hantering daarvan. Die respondente het hierdie sessie baie interessant gevind en het baie van hul eie ervarings met die res van die groep gedeel. Gevallestudies is bespreek om die inligting meer prakties te maak .

Groep twee

Weens die feit dat hierdie groep se respondente grootliks intellektueel laag-funksionerend is, moes die inligting baie eenvoudiger aan hulle deurgegee word. Die sessie het baie lank geduur en baie van die inligting wat deurgegee is, moes herhaal word. Baie respondente het laat blyk dat hulle geen gedragsprobleme met die kinders in hul sorg ervaar nie en dat dié kinders nie voorheen aan enige vorm van mishandeling blootgestel was nie. Gevolglik word minder emosionele probleme by hulle beleef. Die navorser moes daarop wys dat die afsterwe van 'n ouer ook vir 'n kind trauma inhou en dat so 'n kind later wel emosionele probleme kan openbaar.

Groep drie

Baie dinamika het in hierdie groep voorgekom, en die opleidingsessie het gemaklik verloop. Vrae wat gevra is, is geskoei op baie van die respondente se eie ervarings. Van die respondente het ook vir mekaar inligting gegee oor hoe hulle sekere situasies hanteer. Gevallestudies is tydens hierdie opleidingsgroep bespreek.

Uit al die inligting wat tydens hierdie hoofstuk deurgegee is, kan die volgende afleidings gemaak word:

- die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers het 'n bevredigende uitkoms gehad;
- die data wat uit die vraelyste verkry is, asook die addisionele inligting wat tydens individuele opvolgonderhoude verkry is, toon dat die program 'n positiewe uitwerking gehad het op die verbetering van die respondente se algehele kennis van pleegsorg met al die wetlike implikasies daaraan verbonde, hul taak en verantwoordelikhede as pleegouers, die rol van die maatskaplike werker, asook die hantering van die pleegkind met sy spesifieke emosionele behoeftes; en
- ongeag die kort duur van die intervensie, het die respondente kennis in hulself en pleegsorg in geheel gekry.

## 7.6 SAMEVATTING

In die vorige ses hoofstukke is die teoretiese basis vir die ontwikkeling van 'n opleidingsprogram vir voornemende pleegouers uiteengesit, nadat bevind is dat daar nie 'n resente, nagevorste opleidingsprogram vir gebruik deur maatskaplike werkers bestaan nie. Die teoretiese konsepte is ook van toepassing gemaak deur 'n ooreenstemmende program te ontwikkel en uit te toets. In hierdie hoofstuk is die empiriese gegewens volgens die vyfde fase van Rothman en Thomas se model vir intervensienavorsing bespreek, en is dit kortliks soos volg:

- Nadat die rasionaal vir die gebruik van die kwantitatiewe enkelstelselontwerp verduidelik is, is die navorsingsproses en demografiese gegewens van die steekproef bespreek. Altesaam 53 respondente wat gedurende die tydperk Februarie tot Junie 2006 by die Ondersteuningsraad van Pretoria as voornemende pleegouers aangemeld het, is by hierdie studie betrek. Die meeste respondente is tussen die ouderdom van 41 tot 49 jaar. 'n Totaal van 14 respondente was nie verwant aan die kinders wat deur hulle in pleegsorg geneem sou word nie. Die feit dat daar ook meer vroulike respondente was, kan toegeskryf word aan die feit dat enkelmoeders ook deel van hierdie studie uitgemaak het.

- Die feit dat 44 van die 53 respondente reeds kinders in hul sorg het, het geïmpliseer dat hierdie respondente al 'n sekere hoeveelheid kennis van pleegsorg opgedoen het. Dit het tot gevolg dat die impak van die program by hierdie respondente nie altyd duidelik gemeet kon word nie. Tydens die opvolgonderhoude wat na afloop van die implementering van die program plaasgevind het, kon addisonele inligting egter bekom word.

- Tydens die voortoets, is 'n selfopgestelde vraelys tydens die aanmeldingsonderhoud individueel deur respondente ingevul. Weens die feit dat daar ook ongeletterde respondente was, moes die vraelys vereenvoudig word om hulle ook te kon akkommodeer. Die opleidingsprogram is daarna aangebied, wat drie opleidingsessies van drie ure elk behels het. Die respondente is ook in drie groepe opgedeel. Na die implementering van die opleidingsprogram, het die natoets gevolg, waar die respondente direk na afloop van die laaste opleidingsessie dieselfde vraelys moes voltooi. Die resultate van die natoets is met dié van die voortoets vergelyk. Al die respondente wat aangemeld het, het aan die navorsingstudie deelgeneem en het almal ook aan beide die voortoets en die natoets deelgeneem.

- Die resultate het getoon dat die respondente (voornemende pleegouers) se kennis van pleegsorg, met al die wetlike implikasies daaraan verbonde, asook die hantering van die pleegkind met sy spesifieke emosionele behoeftes, verbeter het. Die program kan dus as suksesvol beskryf word.

- Die data van die vraelyste is deur 'n statistikus verwerk. Die data sluit die volgende aspekte in: algemene kennis van pleegsorg, rol en taak van die maatskaplike werker, positiewe motiewe vir pleegsorg, hantering van pleegkinders se emosionele probleme, asook die respondente se algemene voorbereiding op pleegsorg.

Die samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings van die studie volg in hoofstuk agt.